STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef!   Ons reik uit oor alle grense.

15 SEPTEMBER 2019

# GEMEENTEBULLETIN

KWARTAALTEMA

Ons leef in God se KONINKRYK

OGGENDDIENS

Sin en betekenis in elke seisoen.

Prediker 3

MEDITATIEWE DIENS

Tjellomusiek saam met besinning oor God se Koninkryk.

JEUGDIENS

Couch Tuner saam met Deon Meiring.

DEURKOLLEKTE

Seniorbediening van Stellenberg-gemeente.

## EREDIENSTE

| | | | 15 September | | 22 September | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Visagie | 3 | Ds. Ackerman | 4 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Breytenbach | 7 | Geen diens | - |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Dietmann | - | Geen diens | - |
| 09:00 | Grootsaal | Blokdiens | Ds. Potgieter | - | Geen diens | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Ackerman | - | Geen diens | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Visagie | 11 | Ds. Ackerman | 12 |

## SENIORSONDAG

Alle senior lidmate word uitgenooi om na die oggenddiens tee en verversings in die area buite die markplein te geniet. Skakel ook gerus in by die lag-ervaar-en-beleef-week wat vanaf 15 tot 18 Sept. vir senior lidmate aangebied word. Sien die volledige program op bladsy 2.

## EKOLOGIE-KOMPETISIE

Die bewaring van ons natuurskoon is vir die kerkraad 'n groot prioriteit. Daarom word 'n kompetisie uitgeloof waarin ons lidmate uitdaag om met 'n kreatiewe voorstel vorendag te kom oor hoe Stellenberg-gemeente prakties tot bewaring kan bydra. Die wenner sal 'n groot stamplant van die spekboomfamilie, met komplimente van die Kweek-vir-die-Here-span, ontvang. Stuur jou voorstel na navrae@stellenberg.co.za/021 976 4519.

## KWEEK-VIR-DIE-HERE

Die Kweek-vir-die-Here-span bied om 10:00 'n plantetafel aan. Neem gerus 'n plantjie in ruil vir 'n donasie.

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: 10:00 na afloop van die eredienste.
- JEUGDIENS: 18:00 tot 18:50. Kwartaaltema: *Couch Tuner*
- SENIOR KLEINGROEPE: Na die jeugdiens, 19:00 tot 19:30.
- RELEVANT: Dis vir jong volwassenes. Ons luister 15 min. lank na 'n aanbieding en gesels dan saam oor die onderwerp. Woensdagaande 19:00 in die jeuglokaal.

## SENIORWEEK 15 TOT 18 SEPTEMBER

Al die seniors word uitgenooi na ons lag-ervaar-en-beleef-week.

**Maandag 16 September kleinsaal**

- 09:00: Rian Truter, motiveringspreker en eertydse skoolhoof. Tema: Die onderste helfte.
- 09:45: Verversings
- 10:00 Betsie Heyns en haar groep lyndansers. Kom leer iets van lyndanse en probeer dit self.
- 11:45 Derick van der Merwe (voormalige hoofbestuurder van die V&A Waterfront) kom gesels oor die begin en ontwikkeling van die V&A Waterfront.

**Dinsdag 17 September kleinsaal**

- 09:00 Fanie van Vuuren van Nagaland Coffee kom deel sy kennis oor koffie met 'n koffieproe en verversings.
- 10:00 Martiens van Bart (kultuurhistoriese kenner). Onderwerp: Die weggesteekte skatte van Jan van Riebeeck.
- 11:00 Wena Moelich: Sanger en woordkunstenaar.

**Bogenoemde byeenkomste is alles gratis.**

**Woensdag 18 September – Uitstappie**

Ons besoek die Dylan Lewis-buitelugkunsgalery, Stellenbosch. Dit is 'n buitengewone, artistieke belewenis, maar jy moet gemaklik teen trappe op en bult uit kan stap. Koste R80, met tee en soetigheid ingesluit. Besprekings by kerkkantoor ontvangs 021 976 4519 teen Maandag 16 September. Vertrek 09:00.

KATEGESE

KLEINGROEPE

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2 en 3: Grootsaal

Graad 4: Bovertrek

Graad 5 en 6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Markplein

Graad 9: Bovertrek

Graad 10: Grootsaal

Graad 11: Kleinsaal

GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

## GEMEENTENUUS PER E-POS & WHATSAPP

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of *WhatsApp* jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die bulletin op jou selfoon te ontvang.

## JOU KIND EN SOSIALE MEDIA

**Saterdag 12 Oktober 09:00 tot 12:00, kleinsaal**

Maak jou kind digitaal veilig. Kom luister na die aanbieding oor die invloed van sosiale media. Nedine Blom, spreker, het onlangs haar meestersgraad in menslike handel voltooi.
Koste R120 p.p. sluit ligte eetgoed in.
Besprekings: Anneke, sos@stellenberg.co.za/021 976 8029.

## LEEF-MEER-WERKSWINKEL VIR VROUE

**Dinsdag 22 Oktober om 18:30 tot 22:00, kapel**

'n Interaktiewe werkswinkel vir vroue. Bring jou lewenstas en maak dit 'n bietjie ligter – die werkswinkel skep 'n ruimte waar vroue net hulself kan wees en ontslae kan raak van die dinge wat hulle lewenstasse swaar maak.
Koste: R40 per persoon.
Besprekings by Anneke sos@stellenberg.co.za/021 976 8029.

## MET LEEDWESE

Brian O'Connell, gebore 14/02/1959 en oorlede op 10/09/2019. Hy en sy gesin is sedert 1997 lidmate van die gemeente en het voorheen in Edmond Rostandweg gewoon. Sy roudiens is Maandag 16 September om 13:00 in die kerk. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Helette en sy kinders wat hy agterlaat.

## VOSBURG-VLEISFEES

Dankie vir elkeen se ondersteuning, bydraes en hulp met die geleentheid. Die Vosburg-gemeenskap is dankbaar vir die gemeente se betrokkenheid en gebede, veral tydens die erge droogte. Tans staan die bedrag vir die totale verkope wat ingesamel is op R350 000. Na die oggenddiens is daar nog potjiekosvleis en sosaties by die markplein te koop.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 19 Sept. 15:00 en 15:45

Spreuke 3: Om die regte pad te kan loop . . .

### HUISBYEENKOMS

Sondag 15 Sept. 18:00
2 Korintiërs 4:7-5:5

Die krag van die Boodskap ten spyte van die boodskappers se broosheid . . .

### BREIGROEP

Ons kom weer Maandag 7 Oktober om 09:30 in die KOMITEEKAMER bymekaar.

Bring jou breiwerk en 'n vriend/vriendin saam.

### EDELWEISS WTOLIFANTTAFEL

Vrydag 27 September 09:00

Besoek gerus die witolifanttafel by Edelweiss.

### PREKE OP DIE WEB

Jy kan nou preke van die web aflaai (download) en hoef nie meer aanlyn daarna te luister nie.
Besoek gerus www.stellenberg.co.za en gaan na: luister na preke.

## SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

Die kerkraad het die na aanleiding van heelwat navrae weer besin oor die gemeente se standpunt rakende selfdegeslagverhoudings.

Stellenberg poog om diverse menings in hierdie saak te respekteer en wil daarom nie lidmate wat van hierdie standpunt verskil, vervreem nie, maar eerder akkommodeer. Ons vertrou dat ons as gemeente verenig sal bly in ons strewe om as getuies van Christus te leef. Besoek gerus ons webwerf vir volledige inligting.

## TAIZÉ-KONFERENSIE 25 TOT 29 SEPT.

Die Taizé-gemeenskap is 'n ekumeniese monnikebediening met 'n sterk fokus op vrede en geregtigheid. Vanaf 25 tot 29 September hou die Taizé-bediening 'n konferensie in Kaapstad. Stellenberg is saam met Sonstraal-gemeente 'n sentrale huisvestingspunt vir ongeveer 16 konferensiegangers. Kontak asb. vir ds. Marius Breytenbach by marius@stellenberg.co.za/ 082 376 6053 indien jy kursusgangers kan huisves.

## BULLETINVOUERS

Ons benodig helpers wat een Vrydagoggend per maand vanaf 10:00 tot 12:00 met die vou van bulletins behulpsaam kan wees. Kontak Sanèl by 021 976 4519 indien jy kan help.

## KERKRAADSBEPLANNING 13-14 SEPT.

Die kerkraad (26 lede bestaande uit ouderlinge, diakens en die predikante) het die afgelope naweek weggebreek om saam voor die Here stil te raak, te evalueer en te besin oor die toekoms en die verlede. Ons glo dat die samesyn daartoe sal bydra dat die leierspan voortdurend die Here se aangesig en sy wil, sal soek.

## GEMEENTEKAMP

Vanaf 29 Nov. tot 1 Des. by die *Guano Cave Resort,* Montagu. Bespreek jou staanplek by die kampeerterrein en dui asseblief aan dat jy deel van Stellenberg-gemeente se blokbespreking is.
Kontakbesonderhede: 084 553 4187 of
www. montaguguanocave.co.za.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### SNAPSCAN SKANDERINGSKODE